Love God Greatly Afrikaans Joernaal

# Nie Gemaak Om Alleen Te Wees Nie

## vir kinders

### Gemaak vir Gemeenskap in 'n Eensame Wêreld

*NIE GEMAAK OM ALLEEN TE WEES NIE:*
*GEMAAK VIR GEMEENSKAP IN 'N EENSAME WÊRELD*

Kopiereg © 2023 deur Love God Greatly Bediening

Toestemming word verleen om hierdie dokument te druk en te herproduseer vir die doel om die *Nie Gemaak Om Alleen Te Wees Nie: Gemaak vir Gemeenskap in 'n Eensame Wêreld* aanlyn Bybelstudie te voltooi. Moet asseblief nie hierdie dokument op enige manier verander nie. Alle regte voorbehou. Gepubliseer in Dallas deur Love God Greatly.

Kaart ontwerp met hulpbronne van rawpixel.com / Freepik.

Bron vir inligting en data:
Joshua Project, joshuaproject.net/languages/ukr, inligting verkry Augustus 2022.

# 'N WOORD AAN OUERS

Hierdie Bybelstudiegids is ontwerp sodat vroue God se Woord saam met hul kinders kan bestudeer. Hierdie studiegids is spesifiek ontwerp om saam met die *Nie Gemaak Om Alleen Te Wees Nie* studiegids gebruik te word.

Love God Greatly is toegewyd om God se Woord toeganklik te maak vir vroue en kinders reg oor die wêreld. Nou kan jy God se Woord deel met die kinders in jou lewe deur middel van hierdie studie wat uniek ontwerp is vir jong harte.

# WEEKLIKSE GIDS VIR OUERS

Hierdie gids word gevind op die eerste bladsy van elke week. Terwyl jy hierdie week die Bybel saam met jou kind lees, help hulle om die karakter van God en die weeklikse toepassing te verstaan. Jy kan hierdie aspekte gedurende die week met jou kind bespreek om hulle te help groei in hulle begrip van wie God is en wat dit beteken om vir Hom te leef.

# INHOUD

005 HANDLEIDING VIR OUERS
007 KEN HIERDIE WAARHEDE
009 HOOGTEPUNTE VAN DIE TAAL
010 INLEIDING
011 LEESPLAN
013 JOU DOELWITTE
014 WEEK 1
034 WEEK 2
053 WEEK 3
072 WEEK 4

# HOE OM GOEIE BYBELSTUDIEGEWOONTES VIR JOU KIND AAN TE LEER

## BID

Vra God om jou na die beste manier te lei om jou kind te nader oor Bybelstudie. Waarop sal jou kind die beste reageer op grond van wat hy of sy geniet?

### LEER HULLE OM TE BID

Gebed gaan oor 'n verhouding met God, nie om die dinge te kry waarvoor ons vra nie. Help hulle om te verstaan dat gebed 'n manier is om God te ken. Bid saam voordat julle met julle studie begin en as vrae tydens julle studie opkom. Nadat julle jul studie vir die dag voltooi het, vra God om julle te help om dít wat julle geleer het toe te pas. Laat jou kind met kort, eenvoudige gebede begin om die gewoonte aan te moedig.

## DOEN SAAM BYBELSTUDIE

Nooi jou kind om by jou aan te sluit en doen die studies saam. Maak dit 'n spesiale tyd waarna jou kind kan uitsien, 'n tyd van verbintenis met jou. Dit is ook verstaanbaar as julle nie altyd saam kan Bybelstudie doen nie.

### MOEDIG ONAFHANKLIKHEID AAN

Leer hulle hoe om die Bybelstudie op hulle eie te doen. Laat jou kind op sy of haar vlak deelneem. Dit sal hulle in staat stel om suksesvol op hul eie Bybelstudie te doen en hulle afhanklikheid van om altyd onderrig te word, verminder.

## BEVORDER GOEIE STUDIEGEWOONTES

Leer jou kind om na te dink oor wat hy of sy lees. Laat hulle vrae neerskryf en woorde onderstreep wat hulle nie verstaan nie. Leer hulle hoe om die antwoorde te vind deur 'n volwassene te vra, dit in die Bybel of in ander hulpbronne op te soek, of om op 'n betroubare webwerf met jou toesig te soek. Onthou, die antwoorde op vrae oor die Bybel word dikwels in die Bybel gevind. Help hulle om te ontdek hoe om hierdie antwoorde te vind.

### SKEP 'N ROETINE

Besluit op 'n vasgestelde tyd en spesifieke plek vir julle studie. Begin met realistiese verwagtinge, hetsy een keer per week, 'n paar keer per week of elke dag. Moedig konsekwentheid en voltooiing aan, nie perfeksie nie.

### WEES 'N VOORBEELD

Doen gereeld jou eie Bybelstudie en vertel vir jou kinders wat jy uit jou tyd saam met die Here leer. Praat met opgewondenheid oor jou eie Bybelstudie en wys vir hulle waarom dit belangrik is. Verduidelik aan hulle waarom jy besluit het om ' n spesifieke Bybelstudie te doen.

## PAS WAT JY GELEER HET TOE

Help jou kind om die waarhede wat hulle geleer het, met praktiese toepassing te verbind. Vra vrae, nie net oor die inhoud nie, maar hoe hulle anders kan optree op grond van wat hulle geleer het. Liedjies, kuns of handwerkaktiwiteite kan jou kind ook help om te onthou wat hulle geleer het.

## HOU DIT PRETTIG EN MOTIVEREND

Gebruik klein aansporings, soos plakkers of nuwe gekleurde potlode, om hulle betrokke en opgewonde te hou om die Bybel te bestudeer. Laat hulle met broers en susters, vriende of familielede deel wat hulle geskep of geleer het.

### WEES GEDULDIG

Volg 'n positiewe benadering, wetende dat sommige dae baie beter sal gaan as ander. Verwag 'n gemors, afleidings en selfs trane. Let op wat jou kind nodig het, en help hulle om aangespoor en betrokke te bly. Die doel is om hulle te leer van die God wat hulle liefhet en vir hulle gesterf het, nie vir ' n volmaakte Bybelstudietyd of 'n skoon kombuistafel nie.

**Lei en leer hulle in waarheid, en laat God hulle harte wen.**

## STUDIEWENKE VIR VERSKILLENDE OUDERDOMME:

### PRE-PRIMÊRE / VOORSKOOLSE FASE (4-6)

Beklemtoon 'n gedeelte van die SOAP-vers om op te fokus en 'n paar sleutelwoorde vir jou kleintjie om te kopieer. Laat jou kind hul gebed aan jou voordra terwyl jy dit neerskryf en bid dit dan saam.

### GRONDSLAGFASE (6-8)

As jou kind maklik ontmoedig word met skryf, moedig hom of haar aan om te teken wat hulle uit die verse geleer het en soveel besonderhede as moontlik in te voeg.

### PRIMÊRE FASE (8-10)

Moedig jou kind aan om die verse op te soek en dit onafhanklik te lees. Maak seker dat hulle weet hoe die Bybel uiteengesit is en hoe om boeke, hoofstukke en verse op te spoor. Oefen om die boeke van die Bybel te memoriseer.

### SEKONDÊRE / JONG TIENERFASE (10-12)

Laat jou kind toe om onafhanklik te werk, maar bly beskikbaar om vrae te beantwoord, te bespreek wat deur die week geleer is, en saam te bid.

# KEN HIERDIE WAARHEDE

## GOD HET JOU LIEF

God het ons almal lief! Hy gee so baie om vir jou dat Hy sy eie Seun gestuur het om vir jou en my sondes te betaal, sodat ons vir ewig saam met Hom kan lewe.

God se Woord sê: "God het die wêreld so liefgehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat dié wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie maar die ewige lewe sal hê." (Johannes 3:16).

## ONS SONDE SKEI ONS VAN GOD

Sonde is ongehoorsaamheid aan God. Ons almal sondig. God het ons geskep om in 'n verhouding met Hom te leef, maar ons sonde skei ons van Hom.

Ons is almal sondaars van nature en uit eie keuse, en daarom is ons geskei van God, wat heilig is. God se Woord sê, "Almal het gesondig, en het nie deel aan die heerlikheid van God nie," (Romeine 3:23).

## JESUS HET GESTERF SODAT JY KAN LEWE

Ons weet dat wanneer ons nie na ons ouers of ander volwassenes luister nie, daar gevolge is. Ons mag dalk vir 'n ruk lank nie met ons gunsteling speelding kan speel nie, of nie by maatjies gaan kuier nie, of partykeer kan iemand seerkry as gevolg van ons ongehoorsaamheid.

Die ewige gevolg van ons sonde is die dood – vir altyd geskei van God. Maar God het 'n plan, Hy het sy Seun, Jesus, gestuur om vir ons sondes te betaal toe Hy aan die kruis gesterf het. Omdat Hy 'n volmaakte (sondelose) lewe gelei het, was Hy alleen in staat om die straf vir die sondes van die hele wêreld te betaal. Dit is God se gawe van verlossing, en dit is beskikbaar vir elkeen van ons.

God se Woord sê: "Die loon wat die sonde gee, is die dood; die genadegawe wat God gee, is die ewige lewe in Christus Jesus ons Here." (Romeine 6:23); "Maar God bewys sy liefde vir ons juis hierin dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was." (Romeine 5:8).

## JESUS LEEF!

Drie dae nadat Jesus gekruisig is en sy liggaam in die graf neergelê is, het Hy weer opgestaan en sonde en die dood vir ewig oorwin. Vandag bly Hy by God in die hemel en is besig om 'n plek voor te berei in die ewigheid vir elkeen wat in Hom glo.

Jesus sê: "In die huis van my Vader is daar baie woonplek. As dit nie so was nie, sou Ek nie vir julle gesê het Ek gaan om vir julle plek gereed te maak nie. En as Ek gegaan

het en vir julle plek gereed gemaak het, kom Ek terug en sal julle na My toe neem, sodat julle ook kan wees waar Ek is." (Johannes 14:2-3).

## WEET JY KAN VERGEWE WORD

Daar is niks wat jy kan doen om jouself te red nie, maar die Goeie Nuus van die evangelie is dat Jesus jou kan red, en Hy het! Jy hoef net te glo dat jy 'n sondaar is en dat Jesus vir jou sondes gesterf het. Jy kan Hom vra om jou te vergewe en glo dat wat Hy vir jou aan die kruis gedoen het genoeg was om jou van die straf van sonde te red.

God se Woord sê: "As jy met jou mond bely dat Jesus die Here is, en met jou hart glo dat God Hom uit die dood opgewek het, sal jy gered word. Met die hart glo ons, en ons word vrygespreek; en met die mond bely ons, en ons word gered. " (Romeine 10:9–10).

## AANVAAR CHRISTUS SE GAWE VAN VERLOSSING

Hoe kan jy die gawe van verlossing aanvaar? Met 'n opregte hart kan jy 'n eenvoudige gebed soos hierdie bid:

Jesus,
Ek besef dat ek 'n sondaar is. Ek wil die liefde en vergifnis wat U vir my het, met ope arms aanneem. Vergewe my asseblief. Ek glo dat U vir my sondes gesterf en uit die dood opgestaan het. Ek gee my alles aan U oor en vra U om Here van my lewe te wees. Help my om die regte keuses te maak en U te volg. Leer my wat dit beteken om in vryheid te wandel terwyl ek onder U genade leef. Help my om te groei in u weë terwyl ek smag om U beter te leer ken.
Amen.

## BLY IN KONTAK EN GROEI


As jy hierdie gebed (of iets soortgelyks in jou eie woorde) gebid het, deel die goeie nuus van jou redding met jou ouers of 'n ander volwassene sodat hulle saam met jou kan bly wees!

As jy nie klaar deel van 'n plaaslike gemeente is nie, moedig ons jou aan om deel te word! As jy hulp nodig het om 'n gemeente in jou area te vind, vra 'n ouer om jou te help om 'n e-pos aan ons te stuur by info@lovegodgreatly.com.

# HOOGTEPUNTE VAN ONS WÊRELDWYE BEDIENING

## OEKRAÏENS

**HOEVEEL MENSE WÊRELDWYD PRAAT HIERDIE TAAL:**
36,997,000



# INLEIDING

Het jy geweet dat God jou op 'n spesiale manier gemaak het? Het jy geweet dat God jou so gemaak het dat jy familie, maats, bure, afrigters en onderwysers in jou lewe wil hê en nodig het? Hierdie spesiale mense kan jou help voel dat iemand jou liefhet, nuwe dinge vir jou leer en jou help om te groei. God het al in Genesis, die eerste boek van die Bybel, gesê dit is nie goed vir ons om alleen te wees nie. En toe, omdat God wys en goed is, het Hy ons in families geplaas sodat ons nie alleen sal wees nie.

God het ons gemaak om mekaar nodig te hê. Dit kan groot pret wees om 'n liefdevolle gemeenskap in jou lewe te hê, maar dit kan ook net so eensaam wees as jy dit nie het nie. Maats by die skool of selfs jou broers of susters kan partykeer lelike goed vir jou sê of aan jou doen. Die goeie nuus is dat die belangrikste verhouding waarvoor ons gemaak is 'n verhouding met God is.

God het jou liewer as enigiemand anders in die hele wêreld! Ek weet dit kan moeilik wees om te verstaan, maar Hy het! God is so lief vir jou! God het jou vir ewig lief! Sy liefde vir jou hou nooit op nie. **God het jou so lief dat Hy vir jou sondes gesterf het, en as jy Hom as die Here en Verlosser van jou lewe aanvaar, gaan jy vir ewig saam met Hom in die hemel wees.** Niemand kan vir jou liewer wees as God nie. Jy is gemaak om met Hom bevriend te wees.

In hierdie Bybelstudie gaan julle leer van vier verskillende soorte belangrike vriendskappe. Ons noem hierdie verskillende soorte vriendskappe gemeenskappe.

Julle gaan ook leer waarom dit belangrik is om eerstens 'n verhouding met God te hê. Dan gaan ons bespreek hoe God jou gemaak het vir verhoudings met jou familie en maats. Daarna gaan julle leer dat dit ook belangrik is om vriende by die kerk te hê en om hulle aan te moedig en te help om God te ken en lief te hê. Laastens gaan julle leer dat dit belangrik is om na ander, naby en ver, uit te reik, en vir hulle te vertel hoe hulle, net soos jy, 'n spesiale verhouding met God kan hê.

Hierdie vier weke gaan so lekker wees, en ek hoop dat jy sommer ook nog 'n paar nuwe maats gaan maak!

# LEESPLAN

## WEEK 1 / GEMAAK VIR GEMEENSKAP MET GOD

- ○ **Maandag / As Beeld van God**
  Lees: Genesis 1:26–27
  SOAP: Genesis 1:27
- ○ **Dinsdag / Liefde en Gehoorsaamheid**
  Lees: Johannes 14:15–23
  SOAP: Johannes 14:23
- ○ **Woensdag / Bly in Hom**
  Lees: Johannes 15:1–5
  SOAP Johannes 15:5
- ○ **Donderdag / God is Met Jou**
  Lees: Deuteronomium 31:1–8
  SOAP: Deuteronomium 31:6
- ○ **Vrydag / God Sal Jou Help**
  Lees: Jesaja 41:1–20
  SOAP: Jesaja 41:13

## WEEK 2 / GEMAAK VIR GEMEENSKAP MET FAMILIE EN VRIENDE

- ○ **Maandag / Nie Gemaak om Alleen te Wees nie**
  Lees: Genesis 2:18–24
  SOAP: Genesis 2:18
- ○ **Dinsdag / Eensgesindheid in Christus**
  Lees: Romeine 15:1–6
  SOAP: Romeine 15:5–6
- ○ **Woensdag / 'n Gesindheid van Nederigheid**
  Lees: Filippense 2:1–11
  SOAP: Filippense 2:3–5
- ○ **Donderdag / Beter in Gemeenskap**
  Lees: Prediker 4:8–12
  SOAP: Prediker 4:9–10
- ○ **Vrydag / Wees Verdraagsaam**
  Lees: Kolossense 3:12–17
  SOAP: Kolossense 3:12–14

## WEEK 3 / GEMAAK VIR GEMEENSKAP MET DIE PLAASLIKE KERK

- ○ **Maandag / In Jesus se Naam**
  Lees: Matteus 18:20
  SOAP: Matteus 18:20
- ○ **Dinsdag / Toegewy aan Gemeenskap**
  Lees: Handelinge 2:42–47
  SOAP: Handelinge 2:42
- ○ **Woensdag / Dien Mekaar**
  Lees: 1 Petrus 4:7–11
  SOAP: 1 Petrus 4:8–10
- ○ **Donderdag / Leef in Eenheid**
  Lees: Efesiërs 4:1–6
  SOAP Efesiërs 4:2–3
- ○ **Vrydag / Hou Aan om Saam te Vergader**
  Lees: Hebreërs 10:19–25
  SOAP: Hebreërs 10:24–25

## WEEK 4 / GEMAAK VIR GEMEENSKAP MET ONS WÊRELD

- ○ **Maandag / Wees Lief Vir Jou Naaste**
  Lees: Matteus 22:34–40
  SOAP: Matteus 22:37–39
- ○ **Dinsdag / Lig van die Wêreld**
  Lees: Matteus 5:13–16
  SOAP: Matteus 5:14, 16
- ○ **Woensdag / Betoon Deernis**
  Lees: Sagaria 7:8–10
  SOAP: Sagaria 7:9–10
- ○ **Donderdag / Liefde in Aksie**
  Lees Romeine 12:9–21
  SOAP: Romeine 12:10
- ○ **Vrydag / Van Alle Nasies**
  Lees: Matteus 28:16–20
  SOAP: Matteus 28:19–20

# JOU DOELWITTE

Skryf drie doelwitte neer waarop jy graag wil fokus elke dag wanneer jy God se Woord bestudeer. Maak seker dat jy gedurende die volgende paar weke terugverwys na hierdie doelwitte om jou te help om gefokus te bly. Jy kan dit doen!

1.

2.

3.

WEEK 1

## WEEKLIKSE GIDS VIR OUERS

**MEMORISEERVERS:**

Jesaja 41:13

**KARAKTER VAN GOD:**

God is drie-enig: Vader, Seun en Heilige Gees

**KERN BOODSKAP:**

Ons is na die beeld van God geskape. Ons is geskape om 'n verhouding met God te hê.

**WEEKLIKSE TOEPASSING:**

Hê 'n verhouding met God deur Jesus te vertrou.

# GEBED

Skryf jou gebedsversoeke en lofprysings vir die week neer.

WEEK 1

# EK IS DIE HERE JOU GOD, EK VAT JOU HAND, EK SÊ VIR JOU: MOENIE BANG WEES NIE, ÉK HELP JOU.

JESAJA 41:13

# MAANDAG - WEEK 1

## LEES

**Genesis 1:26-27**

Toe het God gesê: "Kom Ons maak die mens as ons verteenwoordiger, ons beeld, sodat hy kan heers oor die vis in die see, die voëls in die lug, die mak diere, die wilde diere en al die diere wat op die aarde kruip.

27 God het die mens geskep as sy verteenwoordiger, as beeld van God het Hy die mens geskep, man en vrou het Hy hulle geskep.

# MAANDAG - WEEK 1

**Lees: Genesis 1:26–27**

**SOAP: Genesis 1:27**

God het die mens geskep as sy verteenwoordiger, as beeld van God het Hy die mens geskep, man en vrou het Hy hulle geskep.

Skryf die SOAP verse hier onder neer:

Teken of skryf iets wat jy uit hierdie verse geleer het:

Skryf jou gebed vir vandag neer:

## DAGSTUKKIE

Het iemand al ooit vir jou gesê dat jy soos jou ma of jou pa lyk? Ons lyk dikwels soos een of altwee ons ouers, omdat ons die helfte van elkeen se gene deel. Het jy geweet dat jy ook gemaak is na die beeld van God? Jy lyk dalk nie fisies soos Hy nie (want niemand weet hoe God lyk nie!), maar jy is soos Hy! Jy het die beeld van God. Hy het jou 'n ewige siel, kreatiwiteit en oneindige waarde gegee. God het jou gemaak om in verhouding met ander mense te wees—net soos Hy! Selfs voordat God die wêreld geskape het, het Hy in gemeenskap geleef: God die Vader, God die Seun en God die Heilige Gees. Toe Hy jou gemaak het, het Hy jou gemaak vir gemeenskap!

# DINSDAG - WEEK 1

## LEES

**Johannes 14:15-23**

"As julle My liefhet, sal julle my opdragte uitvoer. 16 Ek sal
die Vader vra, en Hy sal vir julle 'n ander Voorspraak stuur
om vir ewig by julle te wees, 17 naamlik die Gees van die
waarheid. Die wêreld kan Hom nie ontvang nie, omdat
hulle Hom nie sien en Hom nie ken nie. Maar julle ken Hom,
omdat Hy by julle bly en in julle sal wees.

18 "Ek sal julle nie as weeskinders agterlaat nie; Ek kom
weer na julle toe. 19 Nog net 'n klein rukkie, en dan sien die
wêreld My nie meer nie, maar julle sien My, omdat Ek lewe
en julle sal lewe. 20 Daardie dag sal julle weet dat Ek in my
Vader is en julle in My en Ek in julle.

21 "Wie my opdragte het en dit uitvoer – dit is hy wat My
liefhet. En wie My liefhet, hóm sal my Vader liefhê, en Ek sal
hom ook liefhê en My aan hom openbaar."

22 Judas, nie Judas Iskariot nie, vra toe vir Hom: „Here, hoe
kom dit dat U U aan ons gaan openbaar en nie aan die
wêreld nie?"

23 Jesus antwoord hom: "As iemand My liefhet, sal hy my
woorde ter harte neem; en my Vader sal hom liefhê, en
Ons sal na hom toe kom en by hom woon.

# DINSDAG - WEEK 1

**Lees: Johannes 14:15–23**

**SOAP: Johannes 14:23**

Jesus antwoord hom: “As iemand My liefhet, sal hy my woorde ter harte neem; en my Vader sal hom liefhê, en Ons sal na hom toe kom en by hom woon.”

Skryf die SOAP verse hier onder neer:

Teken of skryf iets wat jy uit hierdie verse geleer het:

Skryf jou gebed vir vandag neer:

## DAGSTUKKIE

Die Bybel leer ons dat as ons God liefhet, ons Hom en sy Woord sal gehoorsaam. Om God te gehoorsaam, moet ons Hom ken en weet hoe Hy wil hê ons moet leef. Die goeie nuus is dat God goeie planne vir ons het, planne vir ons voorspoed, nie ons teenspoed nie, planne om ons hoop en 'n toekoms te gee. Die dinge wat Hy van ons vra om te doen, is nie om ons skade aan te doen nie - hulle is vir ons beswil! Ons is ook nooit alleen nie. God het ons 'n helper gegee: die Heilige Gees! Die Heilige Gees herinner ons aan God se Woord en hoe ons moet leef. Hy laat ons ook weet wanneer ons iets verkeerd gedoen het en wanneer ons om verskoning en om vergifnis moet vra. Jesus het aan die kruis betaal vir al ons sondes en ons kan dankbaar wees dat Hy ons altyd vergewe. Kom ons wees lief vir God en gehoorsaam Hom vandag met ons lewens!

# WOENSDAG - WEEK 1

## LEES

**Johannes 15:1-5**

“Ek is die ware wingerdstok en my Vader is die boer. 2 Elke loot aan My wat nie vrugte dra nie, sny Hy af; maar elkeen wat vrugte dra, snoei Hy reg, sodat dit nog meer vrugte kan dra. 3 Julle is alreeds reg gesnoei deur die woorde wat Ek vir julle gesê het. 4 Julle moet in My bly en Ek in julle. ’n Loot kan nie uit sy eie vrugte dra as hy nie aan die wingerdstok bly nie; en so julle ook nie as julle nie in My bly nie.

5 “Ek is die wingerdstok, julle die lote. Wie in My bly en Ek in hom, dra baie vrugte, want sonder My kan julle niks doen nie.

# WOENSDAG - WEEK 1

**Lees: Johannes 15:1–5**

**SOAP Johannes 15:5**

“Ek is die wingerdstok, julle die lote. Wie in My bly en Ek in hom, dra baie vrugte, want sonder My kan julle niks doen nie.”

Skryf die SOAP verse hier onder neer:

Teken of skryf iets wat jy uit hierdie verse geleer het:

Skryf jou gebed vir vandag neer:

## DAGSTUKKIE

Jesus vergelyk sy verhouding met ons met 'n wingerdstok. In ons tuin het ons baie vrugtebome en -bosse —kersies, pruime, appelkose, appels, bloubessies, frambose en swartbessies! Ons is dankbaar vir die vrugte wat hulle ons elke somer gee om te geniet. Maar somtyds produseer hulle nie vrugte nie. Somtyds word die plante siek met muf, of die goggas kom en eet die blare. Somtyds breek een van ons kinders 'n tak af met 'n sokkerbal! Wanneer 'n tak eers gebreek is, sal dit nie vrugte produseer nie. Baie gou sal dit dooie hout wees. Jesus het ons vertel dat dit is hoe die lewe sal wees vir ons weg van Hom af. As ons nie in 'n verhouding met Hom bly nie, sal ons nie vrugte soos liefde, vreugde, vrede, geduld en vriendelikheid (Galasiërs 5:22-23).

# DONDERDAG - WEEK 1

## LEES

**Deuteronomium 31:1-8**

Moses het met die hele Israel gaan praat 2 en vir hulle gesê:
"Ek is nou honderd en twintig jaar oud, ek kan nie meer
gaan oorlog maak nie. Die Here het vir my gesê: 'Jy mag
nie deur die Jordaan trek nie.' 3 Die Here julle God sal voor
julle uit deur die Jordaan trek en Hy sal hierdie nasies voor
julle uitroei sodat julle hulle gebied in besit sal neem. Josua
sal julle deurlei, soos die Here beloof het. 4 Die Here sal met
hierdie nasies doen soos Hy gedoen het met die Amoritiese
konings Sihon en Og en met hulle land toe Hy hulle uitgeroei
het. 5 Die Here sal hierdie nasies in julle mag oorgee, en julle
moet met hulle alles doen wat ek julle beveel het. 6 Hou
moed en wees dapper! Moenie bang wees nie, moenie vir
hulle skrik nie, want die Here julle God gaan saam met julle.
Hy sal julle nie in die steek laat nie, julle nie alleen laat nie."

7 Toe het Moses vir Josua geroep en vir hom gesê waar die
hele Israel dit kon hoor: "Wees sterk, wees dapper! Jy gaan
saam met hierdie volk in die land in wat die Here met 'n
eed aan hulle voorvaders beloof het om aan hulle te gee.
Jy moet hulle dit in besit laat neem. 8 Die Here sal voor jou
uit gaan. Hy sal by jou wees. Hy sal jou nie in die steek laat
nie, jou nie alleen laat nie. Moenie bang wees nie, moenie
skirk nie."

# DONDERDAG - WEEK 1

**Lees: Deuteronomium 31:1–8**

**SOAP: Deuteronomium 31:6**

"Hou moed en wees dapper! Moenie bang wees nie, moenie vir hulle skrik nie, want die Here julle God gaan saam met julle. Hy sal julle nie in die steek laat nie, julle nie alleen laat nie."

Skryf die SOAP verse hier onder neer:

Teken of skryf iets wat jy uit hierdie verse geleer het:

Skryf jou gebed vir vandag neer:



## DAGSTUKKIE

Vrees is 'n natuurlike emosie, veral wanneer ons teen iets donker, onbekend of kragtig te staan kom. My familie is mal oor superhelde. Spider-Man is ons gunsteling en ons hou daarvan om te maak asof ons Spider-Man is. Daar is iets ongelooflik daaraan om 'n vriend te hê wat kragtig en onoorwinlik is en wat van spinnerakke af kan swaai! Die waarheid is dat, wanneer God met ons is, het ons geen rede om bang te wees nie, want Hy besit selfs meer ongelooflike vermoeëns as wat ons ons kan indink! Hy belowe om ons nie in die steek te laat of te verlaat nie. Ons kan sterk en dapper wees wanneer ons probleme het, want ons is nie alleen nie en ons het die sterkste superheld aan ons sy! God swaai nie aan spinnerakke nie, maar Hy sal jou altyd beskerm en Hy sal jou nooit los nie.

# VRYDAG - WEEK 1

## LEES

**Jesaja 41:1-20**

Bly stil en luister na My, eilande,
maak julle gereed, volke,
staan nader en stel julle saak,
laat ons die saak uitmaak.
2 Wie is dit wat hom uit die ooste laat opstaan het
vir wie elke voetstap oorwinning bring?
Wie gee nasies aan hom oor,
onderwerp konings aan hom?
Sy swaard en sy pyl en boog
laat hulle verdwyn soos stof voor die wind,
soos dwarrelende stoppels.
3 Hy agtervolg hulle en trek ongehinderd voort,
sy voete raak nie eens grond nie.
4 Wie het dit bewerkstellig, dit gedoen?
Wie het die verloop van dinge van die begin af bepaal?
Dit is Ek, die Here! Ek is die eerste,
en wanneer die laaste dinge gebeur,
sal Ek nog die Here wees.
5 Die eilande het gesien wat gebeur en het bang geword,
die hele aarde het gebewe.
Die mense hom bymekaar,
6 hulle help mekaar en praat mekaar moed in.
7 Die ambagsman praat die goudsmid moed in,
die een wat die metaal uitklop,
praat hom wat dit aanmekaar smee, moed in.
Hulle sê: "Die smeewerk is goed!"
Dan slaan hulle die beeld met spykers
vas dat hy nie omval nie!
8 Maar jy, my dienaar, Israel,
Jakob vir wie Ek uitverkies het,
afstammeling van Abraham vir wie Ek liefhet,
9 jy, vir wie Ek van die uiteindes van die aarde af gegryp het,
van sy uithoeke af geroep het,
vir jou het Ek het gesê: Jy is my dienaar,
Ek het jou uitverkies, Ek het jou nie verwerp nie.

10 Moenie bang wees nie, Ek is by jou,
moenie bekommerd wees nie, Ek is jou God.
Ek versterk jou, Ek help jou, Ek hou jou vas,
met my eie hand red Ek jou.
11 Almal wat teen jou te kere gaan,
sal teleurgesteld staan en die aftog blaas.
Jou teëparty sal soos niks word, hulle sal omkom.
12 Jy sal dié soek wat teen jou veg,
maar hulle sal nêrens te vinde wees nie;
dié wat teen jou oorlog maak,
sal word soos niks, soos iets wat nie bestaan nie.
13 Ek is die Here jou God,
Ek vat jou hand,
Ek sê vir jou: Moenie bang wees nie,
Ek help jou.
14 Moenie bang wees nie,
al is jy niks meer as 'n wurm nie, Jakob,
al is jy klein, Israel.
Ek help jou, sê die Here jou Verlosser,
die Heilige van Israel.
15 Ek maak jou 'n skerp dorsslee, 'n nuwe met baie tande;
jy sal berge dors en fynmaal,
jy sal van rante kaf maak.
16 Jy sal hulle uitwan, en die wind sal hulle wegwaai,
die stormwind sal hulle verstrooi;
dan sal jy jubel in die Here,
jy sal roem in die Heilige van Israel.
17 Die hulpeloses en die armes soek water, maar daar is nie;
hulle versmag van dors.
Maar Ek, die Here, sal hulle gebede verhoor,
Ek, die God van Israel, sal hulle nie verlaat nie.
18 Ek sal op die kaal bergtoppe riviere laat ontspring,
en in die laagtes fonteine laat uitborrel.
Ek sal woestyngebied in rietvlei verander, dor land in fonteinwêreld.
19 Ek sal in die woestyn seders laat groei,
doringbome, mirte en olyfbome.
Ek sal in die barre wêreld sipresse laat groei
saam met platane en denne.
20 Dan sal die mense sien en erken,
almal sal begryp en insien
dat die Here dit gedoen het,
dat die Heilige van Israel dit geskep het.

# VRYDAG - WEEK 1

**Lees: Jesaja 41:1–20**

**SOAP: Jesaja 41:13**

"Ek is die Here jou God, Ek vat jou hand, Ek sê vir jou: Moenie bang wees nie, Ek help jou."

Skryf die SOAP verse hier onder neer:

Teken of skryf iets wat jy uit hierdie verse geleer het:

Skryf jou gebed vir vandag neer:

## DAGSTUKKIE

Ons familie hou daarvan om saam te gaan bergklim. Dit was nie altyd maklik om by die res van die familie by te hou nie, veral vir ons jongste kind. Ons het dikwels ons 3 jaar-oue dogter se hand vasgehou wanneer die pad baie steil of baie klipperig was. Ons het haar gehelp, haar verseker dat sy nie sou val nie en dat sy dit kon doen! Wanneer sy sou struikel, sou ons haar optrek en op 'n speelse wyse sê: "Ek het jou gered!" God is dieselfde met ons. Hy neem ons hand en sê: "Moenie bang wees nie, Ek help jou!" Hy het ons inderdaad gered! God sal nie dat ons val nie. Wat 'n wonderlike waarheid is dit nie dat ons sy hulp het terwyl ons die klipperige paaie van die lewe navigeer nie!

# HIERDIE WEEK HET EK GELEER...

Gebruik die spasie hier onder om 'n prentjie te teken of te skryf
oor wat jy hierdie week uit God se Woord geleer het.

**Om as beeld van God geskape te wees, beteken dat God ons gemaak het met van dieselfde eienskappe as wat Hy het! Op grond van Genesis 1:27, wie is as beeld van God geskape? Is seuns na God se beeld geskape? Is meisies na God se beeld geskape? Hoe maak dit ons anders as ander lewende dinge?**

EK IS DANKBAAR VIR:

WEEK 2

## WEEKLIKSE GIDS VIR OUERS

**MEMORISEERVERS:**

Romeine 15:5-6

**KARAKTER VAN GOD:**

God gee vir ons vertroosting

**KERN BOODSKAP:**

God gee vir ons vertroosting, en dikwels kom daardie troos deur ander. Ons is ontwerp om 'n gemeenskap rondom ons te hê wat ons help om God beter te ken.

**WEEKLIKSE TOEPASSING:**

Help ander en laat ander jou help.

# GEBED

Skryf jou gebedsversoeke en lofprysings vir die week neer.

## WEEK 2

# EN MAG GOD, DIE BRON VAN ALLE STANDVASTIGHEID EN BEMOEDIGING, GEE DAT JULLE EENSGESIND ONDER MEKAAR SAL WEES SOOS CHRISTUS JESUS DIT WIL HÊ. DAN KAN JULLE ALMAL EENSGESIND UIT EEN MOND LOF TOEBRING AAN GOD, DIE VADER VAN ONS HERE JESUS CHRISTUS.

ROMEINE 15:5-6

# MAANDAG - WEEK 2

## LEES

**Genesis 2:18-24**

Verder het die Here God gesê: "Dit is nie goed dat die mens alleen is nie. Ek sal vir hom iemand maak wat hom kan help, sy gelyke."

19 Die Here God het toe uit die grond al die wilde diere en al die voëls gevorm en na die mens toe gebring om vas te stel hoe hy elkeen sou noem; en wat die mens elke lewende wese sou noem, dit sou sy naam wees.

20 Die mens gee toe name vir al die mak diere, die voëls en die wilde diere, maar vir homself het hy nie 'n helper, 'n
gelyke, gekry nie. 21 Toe het die Here God 'n diep slaap
oor die mens laat kom, sodat hy vas geslaap het. Die Here God neem toe 'n ribbebeen uit die mens, vul die plek met
vleis op, 22 en die ribbebeen wat Hy uit die mens geneem
het, bou Hy om tot 'n vrou en bring haar na die mens toe.

23 Toe sê die mens:
"Hierdie keer is dit een uit myself, een soos ek,
Daarom sal sy 'vrou' genoem word;
sy is uit die man geneem."

24 Daarom sal 'n man sy vader en moeder verlaat en saam met sy vrou lewe, en hulle sal een word.

# MAANDAG - WEEK 2

**Lees: Genesis 2:18–24**

**SOAP: Genesis 2:18**

Verder het die Here God gesê: "Dit is nie goed dat die mens alleen is nie. Ek sal vir hom iemand maak wat hom kan help, sy gelyke."

*Skryf die SOAP verse hier onder neer:*

Teken of skryf iets wat jy uit hierdie verse geleer het:

Skryf jou gebed vir vandag neer:

## DAGSTUKKIE

Was jy al ooit alleen by die huis? Dit kan dalk vir 'n klein rukkie lekker wees, maar dit kan maklik eensaam of skrikerig word, veral wanneer jy hulp nodig het. Dit nie goed vir enige een van ons om alleen te wees nie. Ons is gemaak vir 'n gemeenskap. Dit is hoekom God die eerste familie geskape het en vir ons vriende gegee het. In die tuin van Eden het God na Adam gekyk en gesê: "Dit is nie goed vir hom om alleen te wees nie!" Deur Eva te skape, het God dit vir mense moontlik gemaak om 'n gemeenskap en 'n familie te hê. Die hele mensdom sou deur gemeenskap en vir gemeenskap gebore word!

# DINSDAG - WEEK 2

## LEES

**Romeine 15:1-6**

Op ons wat sterk is in die geloof, rus die verpligting om die swakhede te verdra van dié wat nie sterk is nie. Ons moenie aan onsself dink nie: 2 elkeen van ons moet aan ons naaste dink en aan wat vir hom goed is en wat hom in die geloof kan opbou. 3 Christus het immers ook nie aan Homself gedink nie, inteendeel. Dit was met Hom soos daar geskrywe staan:

"Die beledigings waarmee mense u beledig,
het op My neergekom."

4 Alles wat vooraf in die Skrif opgeteken is, is tog opgeteken om ons te leer sodat ons deur die standvastigheid en bemoediging wat die Skrif ons gee, vol hoop kan wees. 5 En mag God, die bron van alle standvastigheid en bemoediging, gee dat julle eensgesind onder mekaar sal wees soos Christus Jesus dit wil hê. 6 Dan kan julle almal eensgesind uit een mond lof toebring aan God, die Vader van ons Here Jesus Christus.

# DINSDAG - WEEK 2

**Lees: Romeine 15:1–6**

**SOAP: Romeine 15:5–6**

En mag God, die bron van alle standvastigheid en bemoediging, gee dat julle eensgesind onder mekaar sal wees soos Christus Jesus dit wil hê. Dan kan julle almal eensgesind uit een mond lof toebring aan God, die Vader van ons Here Jesus Christus.

Skryf die SOAP verse hier onder neer:

Teken of skryf iets wat jy uit hierdie verse geleer het:

Skryf jou gebed vir vandag neer:



## DAGSTUKKIE

Om met ander mense oor die weg te kom is nie altyd maklik nie. Omdat ons almal van nature selfsugtig en sondig is, is ons geneig om met ander mense te baklei of nie met hulle saam te stem nie. Miskien weet jy dit goed uit jou verhoudings met jou boeties en sussies. God se hart vir Christene is dat ons eensgesindheid moet hê. Ons hoef nie almal dieselfde gunsteling kleur te hê of dieselfde gunsteling soort roomys nie. Ons kan verskillend wees, maar verenig wanneer ons vir God ken. Wanneer ons lief is vir die dinge waarvoor Hy lief is en wanneer ons vinnig vergifnis vra en ander vinnig vergewe, bou ons eenheid met ander. Kom ons bid dat God ons eenheid met ander Christene sal gee sodat ons saam, in een stem lof tot sy naam kan sing!

# WOENSDAG - WEEK 2

## LEES

**Filippense 2:1-11**

Aangesien julle die troos in Christus ondervind het, die aansporing deur die liefde, die gemeenskap deur die Gees, die innige meegevoel en meelewing – 2 maak dan nou my blydskap volkome deur eensgesind te wees: een in liefde, een van hart, een in strewe. 3 Moet niks uit selfsug of eersug doen nie, maar in nederigheid moet die een die ander hoër ag as homself. 4 Julle moenie net elkeen aan sy eie belange dink nie, maar ook aan dié van ander.

5 Dieselfde gesindheid moet in julle wees wat daar ook in Christus Jesus was:

6 Hy wat in die gestalte van God was, het sy bestaan op Godgelyke wyse nie beskou as iets waaraan Hy Hom moes vasklem nie, 7 maar Hy het Homself verneder deur die gestalte van 'n slaaf aan te neem en aan mense gelyk te word.

En toe Hy as mens verskyn het, 8 het Hy Homself verder verneder. Hy was gehoorsaam tot in die dood, ja, die dood aan die kruis.

9 Daarom het God Hom ook tot die hoogste eer verhef en Hom die Naam gegee wat bo elke naam is, 10 sodat in die Naam van Jesus elkeen wat in die hemel en op die aarde en onder die aarde is, die knie sou buig, 11 en elke tong sou erken: "Jesus Christus is Here!" tot eer van God die Vader.

# WOENSDAG - WEEK 2

**Lees: Filippense 2:1–11**

**SOAP: Filippense 2:3–5**

Moet niks uit selfsug of eersug doen nie, maar in nederigheid moet die een die ander hoër ag as homself. Julle moenie net elkeen aan sy eie belange dink nie, maar ook aan dié van ander. Dieselfde gesindheid moet in julle wees wat daar ook in Christus Jesus was.

Skryf die SOAP verse hier onder neer:

Teken of skryf iets wat jy uit hierdie verse geleer het:

Skryf jou gebed vir vandag neer:

## DAGSTUKKIE

Almal van ons is selfsugtig. Omdat sonde die wêreld ingekom het, is dit ons instink om eerste aan ons behoeftes en aan onsself te dink. Dit is hoekom Paulus gelowiges aangmoedig het om eerste aan ander te dink. Om dit te doen, moet ons nederig wees, sien wat mense nodig het en hulle meer as onsself ag. Ons moet ander behandel soos ons behandel wil word. Ek was een keer by 'n vriend van my se huis en sy seun wat 10 jaar oud was, het vir homself 'n glas water gekry. My vriend het nederig uitgewys dat as hy dors was, dan was ek miskien ook dors. Hy het toe gevra of ek ook 'n glas water wou hê en hy het toe vir my ook een gegee. Wanneer ons dink en optree soos Jesus gedoen het, sal ons dink aan ander se behoeftes, sowel as ons eie. Wanneer ons dit doen, leer ons om ander in nederigheid te dien.

# DONDERDAG - WEEK 2

## LEES

**Prediker 4:8-12**

daar was 'n man wat alleen was, sonder seun of broer. Tog was daar nie 'n einde aan al sy inspanning nie en was hy steeds op soek na meer rykdom. Hy moes later sê: "Vir wie sloof ek my af en ontsê ek my die aangename dinge?"

Ook hier kom dit tot niks.
Dit bly 'n harde saak.

9 Twee vaar beter as een. Hulle inspanning kom tot
iets. 10 As die een val, kan die ander hom ophelp.
Maar as een val wat alleen is, is daar niemand om
hom op te help nie. 11 As twee langs mekaar slaap,
word hulle warm, maar hoe sal een wat alleen is,
warm word? 12 Een alleen kan oorweldig word,
twee saam kan weerstand bied. 'n Driedubbele tou
breek nie maklik nie.

# DONDERDAG - WEEK 2

**Lees: Prediker 4:8–12**

**SOAP: Prediker 4:9–10**

Twee vaar beter as een. Hulle inspanning kom tot iets. As die een val, kan die ander hom ophelp. Maar as een val wat alleen is, is daar niemand om hom op te help nie.

Skryf die SOAP verse hier onder neer:

Teken of skryf iets wat jy uit hierdie verse geleer het:

Skryf jou gebed vir vandag neer:

## DAGSTUKKIE

Daar is iets aan die menslike natuur wat veroorsaak dat ons daarvan hou om dinge op ons eie te doen. Dit is nie sleg om dinge op jou eie te kan doen nie. Dit is ‘n teken dat jy grootword. Maar die Bybel leer ons dat twee mense beter as een is! Hoekom? Omdat iemand ander ons in ons werk kan aanmoedig en ons help wanneer dit vir ons moeilik is of waneer ons struikel. As jy saam met ‘n vriend fietsry, kan julle mekaar help. As een val of ‘n ongeluk het, is daar altyd iemand daar om jou te help. Dit is hoe God wil hê ons ‘n Christelike lewe moet leef, met ‘n vriend by ons!

# VRYDAG - WEEK 2

## LEES

**Kolossense 3:12-17**

Julle is die uitverkore volk van God wat Hy baie liefhet. Daarom moet julle meelewend, goedgesind, nederig, sagmoedig en verdraagsaam wees. 13 Wees geduldig met mekaar en vergewe mekaar as die een iets teen die ander het. Soos die Here julle vergewe het, moet julle mekaar ook vergewe. 14 Bo dit alles moet julle mekaar liefhê. Dit is die band wat julle tot volmaakte eenheid saambind. 15 En die vrede wat Christus gee, moet in julle lewens die deurslag gee. God het julle immers geroep om as lede van een liggaam in vrede met mekaar te lewe. Wees altyd dankbaar. 16 Die boodskap van Christus moet in sy volle rykdom in julle bly. Leer en onderrig mekaar met alle wysheid. Met dankbaarheid in julle harte moet julle psalms, lofgesange en ander geestelike liedere tot eer van God sing. 17 En wat julle ook al sê of doen, sê en doen dit alles in die Naam van die Here Jesus en dank God die Vader deur Hom.

# VRYDAG - WEEK 2

**Lees: Kolossense 3:12–17**

**SOAP: Kolossense 3:12–14**

Julle is die uitverkore volk van God wat Hy baie liefhet. Daarom moet julle meelewend, goedgesind, nederig, sagmoedig en verdraagsaam wees. Wees geduldig met mekaar en vergewe mekaar as die een iets teen die ander het. Soos die Here julle vergewe het, moet julle mekaar ook vergewe. Bo dit alles moet julle mekaar liefhê. Dit is die band wat julle tot volmaakte eenheid saambind.

Skryf die SOAP verse hier onder neer:

Teken of skryf iets wat jy uit hierdie verse geleer het:

Skryf jou gebed vir vandag neer:

## DAGSTUKKIE

Dit is nie altyd maklik om met ander mense oor die weg te kom nie, selfs met ander Christene. Maar God wil nie hê dat ons opgee op mekaar nie. Hy wil hê dat ons ander mense wat ons seergemaak het, vergewe. Sy rede is baie goed: Jesus het ons vergewe. Jesus het al ons sonde vergewe en Hy het ons 'n nuwe geestelike lewe en ewige hoop gegee. Jesus wil hê dat ons ander mense vergewe wanneer hulle ons seermaak, omdat Hy ons vergewe het. Is daar iemand vir wie jy in jou hart kwaad is? Bid dat Jesus jou sal help om hulle te vergewe, hulle lief te hê en te onthou vir hoe baie Hy jou vergewe het!

# HIERDIE WEEK HET EK GELEER...

Gebruik die spasie hier onder om 'n prentjie te teken of te skryf oor wat jy hierdie week uit God se Woord geleer het.

**Lees Prediker 4:9–10. Hoekom is twee mense beter as een? God sê vir ons dat dit belangrik is om vriende en mense te hê wat ons vertrou wat vir ons omgee en wat ons kan help. Maak 'n lys van 'n paar mense wat vir jou lief is en jou help.**

EK IS DANKBAAR VIR:

WEEK 3

## WEEKLIKSE GIDS VIR OUERS

**MEMORISEERVERS:**

Hebreërs 10:24-25

**KARAKTER VAN GOD:**

Aan God kom al die lof toe

**KERN BOODSKAP:**

Ons het 'n gemeenskap in ons plaaslike kerke. God gee vir ons eenheid met ander wat in Hom glo en wat saam met Hom wandel.

**WEEKLIKSE TOEPASSING:**

Wees lief vir ander in jou plaaslike kerk deur te dien.

# GEBED

*Skryf jou gebedsversoeke en lofprysings vir die week neer.*

## WEEK 3

# LAAT ONS OOK NA MEKAAR OMSIEN DEUR MEKAAR AAN TE SPOOR TOT LIEFDE EN GOEIE DADE. ONS MOENIE VAN DIE SAMEKOMSTE VAN DIE GEMEENTE AF WEGBLY SOOS PARTY SE GEWOONTE IS NIE, MAAR MEKAAR EERDER AANMOEDIG OM DAARHEEN TE GAAN, EN DIT DES TE MEER NAMATE JULLE DIE OORDEELSDAG SIEN NADER KOM.

HEBREËRS 10:24-25

# MAANDAG - WEEK 3

## LEES

**Matteus 18:20**

want waar twee of drie in my Naam saam is, daar is Ek by hulle.

# MAANDAG - WEEK 3

**Lees: Matteus 18:20**

**SOAP: Matteus 18:20**

"want waar twee of drie in my Naam saam is,
daar is Ek by hulle."

Skryf die SOAP verse hier onder neer:

Teken of skryf iets wat jy uit hierdie verse geleer het:

Skryf jou gebed vir vandag neer:

## DAGSTUKKIE

Gemeenskap is belangrik. Om geïsoleerd en alleen te wees was nooit wat God vir die mensdom en veral nie sy kerk wou hê nie! Die Bybel sê dat ons vyand, die duiwel soos 'n brullende leeu is. Hy is op soek na iemand om te verslind. Wanneer bokke alleen is, het hulle 'n groot kans om aangeval te word, maar wanneer hulle in 'n groot groep is, het hulle 'n baie beter kans op oorlewing! Soos bokke, moet ons saam met ander Christene wees, sodat ons nie alleen is wanneer die vyand ons aanval nie. As jy nie 'n plaaslike kerk of 'n groep gelowiges het waaraan jy behoort nie, sal dit goed wees vir jou om een te soek. Op daardie manier kan jy ander mense aanmoedig en deur hulle aangemoedig word soos jy vir God leef!

# DINSDAG - WEEK 3

## LEES

**Handelinge 2:42-47**

Hulle het hulle heelhartig toegelê op die leer van die apostels en die onderlinge verbondenheid, die gemeenskaplike maaltyd en die gebede.

43 Die apostels het baie wonders en tekens gedoen, en dit het almal met diep ontsag vervul. 44 Al die gelowiges was eensgesind en het alles met mekaar gedeel. 45 Hulle het hulle grond en besittings verkoop en die geld aan almal uitgedeel volgens elkeen se behoefte. 46 Hulle het almal elke dag getrou by die tempel bymekaargekom, van huis tot huis die gemeenskaplike maaltyd gehou, hulle kos met blydskap en in alle eenvoud geëet, 47 en God geprys. Die hele volk was hulle goedgesind. En die Here het elke dag mense wat gered word, by die gemeente gevoeg.

# DINSDAG - WEEK 3

**Lees: Handelinge 2:42–47**

**SOAP: Handelinge 2:42**

Hulle het hulle heelhartig toegelê op die leer van die apostels en die onderlinge verbondenheid, die gemeenskaplike maaltyd en die gebede.

Skryf die SOAP verse hier onder neer:

Teken of skryf iets wat jy uit hierdie verse geleer het:

Skryf jou gebed vir vandag neer:

## DAGSTUKKIE

Daar is baie dinge waaraan ons ons tyd en geld spandeer, soos sport, stokperdjies, uiteet en vakansies. Dit maak mens nederig wanneer ons lees dat die vroeë kerk hulself toegewy het aan heeltemal ander dinge: wat die apostels geleer het, samesyn en om saam te eet en te bid. Om aan sport deel te neem en op vakansie te gaan is nie sleg nie, maar twee dinge het die vroeë kerk gekenmerk: samesyn en harte wat ten volle aan die Here toegwy was. Vir hulle was daar niks meer belangrik as God se Koninkryk nie. God weet wat ons nodig het (kos, blyplek, klere), en Hy sal vir ons sorg. Hy vertel ons ook om sy koninkryk en sy geregtigheid te soek. Wanneer ons die dinge van God soek, sal ons alles hê wat ons nodig het. Hoe sal die lewe lyk as ons dit doen?

# WOENSDAG - WEEK 3

## LEES

**1 Petrus 4:7-11**

Die einde van alles is naby. Daarom moet julle
selfbeheers en nugter wees, sodat julle kan bid. 8
Bo alles moet julle mekaar hartlik liefhê, want die
liefde bedek baie sondes. 9 Wees gasvry teenoor
mekaar sonder om te kla. 10 As goeie bedienaars
van die veelvoudige genade van God moet elkeen,
namate hy 'n genadegawe ontvang het, die ander
dien. 11 As iemand die gawe ontvang het om te
preek, moet God deur hom aan die woord kom;
as dit is om in die gemeente te dien, moet hy dien
met die krag wat God verleen. So moet julle God
in alles verheerlik deur Jesus Christus, aan wie die
heerlikheid en die krag behoort tot in alle ewigheid!
Amen.

# WOENSDAG - WEEK 3

**Lees: 1 Petrus 4:7–11**

**SOAP: 1 Petrus 4:8–10**

Bo alles moet julle mekaar hartlik liefhê, want die liefde bedek baie sondes. Wees gasvry teenoor mekaar sonder om te kla. As goeie bedienaars van die veelvoudige genade van God moet elkeen, namate hy 'n genadegawe ontvang het, die ander dien.

Skryf die SOAP verse hier onder neer:

Teken of skryf iets wat jy uit hierdie verse geleer het:

Skryf jou gebed vir vandag neer:

## DAGSTUKKIE

Wat as die gawes wat God jou gegee het, nie vir jou gebruik of beswil was nie, maar vir die beswil van ander? Die is hoe dit is in God se Koninkryk! Hy het vir jou gawes gegee om ander mee te seën. Is jy goed met teken of hou jy van foto's neem? Jy kan ander mense seën met skoonheid. Is jy goed met sing of om 'n instrument te speel? Jy kan mense in aanbidding lei! Is jy goed met kook of bak? Jy kan ander seën deur vir hulle kos te maak! Die Bybel moedig ons aan om dit te doen sonder om te mor of te kla, maar met 'n vreugdevolle hart. Miskien weet jy nog nie watter gawes God vir jou gegee het nie, en daar is niks daarmee fout nie. Maar kom ons bid vir God om vir ons te wys watter gawes Hy vir ons gee het en gebruik dan daardie gawes om ander te seën!

# DONDERDAG - WEEK 3

## LEES

**Efesiërs 4:1-6**

Ek druk julle dit op die hart, ek wat 'n gevangene is omdat ek die Here dien: Laat julle lewenswandel in ooreenstemming wees met die roeping wat julle van God ontvang het. 2 Wees altyd beskeie, vriendelik en geduldig, en verdra mekaar in liefde. 3 Lê julle daarop toe om die eenheid wat die Gees tussen julle gesmee het, te handhaaf deur in vrede met mekaar te lewe. 4 Daar is net één liggaam en net één liggaam en net één Gees, soos daar net één hoop is waartoe God julle geroep het. 5 Daar is net één Here, één geloof, één doop, 6 één God en Vader van almal: Hy wat oor almal is, deur almal werk en in almal woon.

# DONDERDAG - WEEK 3

**Lees: Efesiërs 4:1–6**

**SOAP Efesiërs 4:2–3**

Wees altyd beskeie, vriendelik en geduldig, en verdra mekaar in liefde. Lê julle daarop toe om die eenheid wat die Gees tussen julle gesmee het, te handhaaf deur in vrede met mekaar te lewe.

Skryf die SOAP verse hier onder neer:

Teken of skryf iets wat jy uit hierdie verse geleer het:

Skryf jou gebed vir vandag neer:



## DAGSTUKKIE

Wonder jy ooit hoekom jy jou boetie of sussie moet verdra, veral as hulle presies weet hoe om jou kwaad te maak? Hier is Efesiërs, vertel Paulus om presies dit te doen! Hy sê nie net dat ons "mekaar in liefde moet verdra nie," maar hy sê ook om dit met beskeidenheid, vriendelikheid en geduld te doen! Selfs alhoewel ons almal verskillend is, God wil hê dat ons met mekaar oor die weg moet kom. Of dit jou broer of suster, jou vriende, of ander gelowiges in die kerk is, kom ons bid dat God se Gees ons die krag sal gee om met mekaar oor die weg te kom!

# VRYDAG - WEEK 3

## LEES

**Hebreërs 10:19-25**

Broers, ons het dus nou deur die bloed van Jesus vrye toegang tot die heiligdom, 20 en dit op 'n weg wat nuut is en na die lewe lei. Hierdie weg het Hy vir ons gebaan deur die voorhangsel heen, dit is deur sy liggaam. 21 En terwyl ons Hom ook as groot priester oor die huis van God het, 22 laat ons tot God nader met 'n opregte hart en met volle geloofsekerheid. Ons harte is immers gereinig van 'n skuldige gewete, en ons liggame is gewas met skoon water. 23 Laat ons styf vashou aan die hoop wat ons bely, want God is getrou: Hy doen wat Hy beloof het. 24 Laat ons ook na mekaar omsien deur mekaar aan te spoor tot liefde en goeie dade. 25 Ons moenie van die samekomste van die gemeente af wegbly soos party se gewoonte is nie, maar mekaar eerder aanmoedig om daarheen te gaan, en dit des te meer namate julle die oordeelsdag sien nader kom.

# VRYDAG - WEEK 3

**Lees: Hebreërs 10:19–25**

**SOAP: Hebreërs 10:24–25**

Laat ons ook na mekaar omsien deur mekaar aan te spoor tot liefde en goeie dade. Ons moenie van die samekomste van die gemeente af wegbly soos party se gewoonte is nie, maar mekaar eerder aanmoedig om daarheen te gaan, en dit des te meer namate julle die oordeelsdag sien nader kom.

Skryf die SOAP verse hier onder neer:

Teken of skryf iets wat jy uit hierdie verse geleer het:

Skryf jou gebed vir vandag neer:



## DAGSTUKKIE

Die lewe is besig. Dit is maklik om verskonings te maak om nie saam met ander gelowiges bymekaar te kom nie, of om dit nie ons grootste prioriteit te maak nie. Om tyd te neem om saam met ander gelowiges bymekaar te kom is uiters belangrik vir ons geloof. Voorbeelde hiervan is om Sondae kerk toe te gaan, of op enige ander dag van die week, sodat ons met ander Christene kan inskakel en mekaar in ons geloof kan aanmoedig. Dit kan beteken om saam met 'n kleiner groepie mense in jou huis bymekaar te kom, die Bybel saam te lees en saam te eet. Ons is nie gemaak om alleen te wees nie en om saam met ander Christene bymekaar te kom is hoe ons gemeenskap bou. Hoe kan ons mekaar aanmoedig tot liefde en goeie werke wanneer ons nie persoonlik ontmoet nie? Moenie dat die lewe jou aandag aflei nie. Jesus kom binnekort. Kom ons hou aan om saam met ander bymekaar te kom en mekaar aan te moedig!

# HIERDIE WEEK HET EK GELEER...

Gebruik die spasie hier onder om 'n prentjie te teken of te skryf
oor wat jy hierdie week uit God se Woord geleer het.

**Lees 1 Petrus 4:7–11 en lys 'n paar dinge wat ons aangesê word om te doen. Hoekom moet ons ander liefhê? Mag ons kla? Waarvoor moet ons ons gawes gebruik? Waarom word ons aangesê om hierdie dinge te doen?**

EK IS DANKBAAR VIR:

WEEK 4

## WEEKLIKSE GIDS VIR OUERS

**MEMORISEERVERS:**

Matteus 22:37-39

**KARAKTER VAN GOD:**

God is lief vir sy Kerk

**KERN BOODSKAP:**

Ons is deel van die Kerk, die mense regoor die wêreld wat lief is vir Jesus en Hom dien. Ons moet die Kerk liefhê en dien omdat ons vir Jesus lief is, en ons moet vir ander van Hom vertel.

**WEEKLIKSE TOEPASSING:**

Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart, jou hele siel, jou hele verstand en al jou krag, en jy moet jou naaste liefhê soos jouself.

# GEBED

*Skryf jou gebedsversoeke en lofprysings vir die week neer.*

## WEEK 4

JESUS ANTWOORD HOM: "'JY MOET DIE HERE JOU GOD LIEFHÊ MET JOU HELE HART EN MET JOU HELE SIEL' EN MET JOU HELE VERSTAND. DIT IS DIE GROOTSTE EN DIE EERSTE GEBOD. EN DIE TWEEDE, WAT HIERMEE GELYK STAAN, IS: 'JY MOET JOU NAASTE LIEFHÊ SOOS JOUSELF.'

MATTEUS 22:37-39

# MAANDAG - WEEK 4

## LEES

**Matteus 22:34-40**

Toe die Fariseërs hoor dat Jesus die Sadduseërs die mond gesnoer het, het hulle bymekaargekom, 35 en een van hulle, 'n wetgeleerde, het Hom met 'n vraag probeer vastrek. 36 "Meneer," vra hy, "wat is die grootste gebod in die wet?"

37 Jesus antwoord hom: "'Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel' en met jou hele verstand. 38 Dit is die grootste en die eerste gebod. 39 En die tweede, wat hiermee gelyk staan, is: 'Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.' 40 In hierdie twee gebooie is die hele wet en die profete saamgevat."

# MAANDAG - WEEK 4

**Lees: Matteus 22:34–40**

**SOAP: Matteus 22:37–39**

Jesus antwoord hom, "Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en jou hele siel' en met jou hele verstand. Dit is die grootste em die eerste gebod. En die tweede, wat hiermee gelyk staan, is: 'Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.'

Skryf die SOAP verse hier onder neer:

Teken of skryf iets wat jy uit hierdie verse geleer het:

Skryf jou gebed vir vandag neer:

## DAGSTUKKIE

Die godsdienstige leiers het probeer om Jesus met hulle vrae uit te vang. Jesus se antwoord is tegelykertyd eenvoudig en kompleks. Om God met jou hele hart, siel en verstand lief te hê is nie 'n maklike ding om te doen nie. Hulle het gevra wat die grootste gebod is en Jesus het vir hulle die grootste twee gegee. Die tweede is baie dieselfde as die eerste. God wil hê dat ons ander mense moet liefhê as 'n refleksie van ons liefde vir God. Sonder liefde, is ons soos 'n ghong - 'n groot, harde, afleidende geraas. Kom ons vra God om ons deur sy Gees te help om Hom met ons hele hart, siel, verstand en krag lief te hê en om ons naaste soos onsself lief te hê.

# DINSDAG - WEEK 4

## LEES

**Matteus 5:13-16**

"Julle is die sout vir die aarde. Maar as sout verslaan het, hoe kry die mens dit weer sout? Dit is niks meer werd nie. Dit word buitekant weggegooi, en die mense vertrap dit.

14 "Julle is die lig vir die wêreld. 'n Stad wat op 'n berg lê, kan nie weggesteek word nie; 15 ook steek 'n mens nie 'n lamp op en sit dit onder 'n emmer nie maar op 'n lampstaander, en dit gee lig vir almal in die huis. 16 Laat julle lig so voor die mense skyn, dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemel is, verheerlik."

# DINSDAG - WEEK 4

**Lees: Matteus 5:13–16**

**SOAP: Matteus 5:14, 16**

Julle is die lig vir die wêreld. ‘n Stad wat op ‘n berg lê, kan nie weggesteek word nie;

Laat julle lig so voor die mense skyn, dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemel is, verheerlik.

Skryf die SOAP verse hier onder neer:

Teken of skryf iets wat jy uit hierdie verse geleer het:

Skryf jou gebed vir vandag neer:

## DAGSTUKKIE

Ek hou van die kontras tussen lig en donker. In die Bybel simboliseer dit dikwels goed en kwaad. Maar dit is ook 'n beeld wat almal in die hele wêreld kan verstaan. In die herfs en winter hou ek daarvan om kerse aan te steek en dit op die tafel in ons kombuis te sit. Ons bly in Europa en in die middel van die winter is die dae kort en baie donker. Jesus het sy volgelinge geleer dat hulle die lig van die wêreld is. Dit maak nie saak of die wêreld donker en gebroke is as gevolg van sonde nie, want dit is in die donkerte dat die lig die helderste skyn! Kom ons bid dat God ons as ligte in hierdie wêreld sal gebruik, sodat ander mense Jesus kan leer ken en eer aan ons Vader in die hemel gee!

# WOENSDAG - WEEK 4

## LEES

**Sagaria 7:8-10**

Dié woord van die Here het ook tot Sagaria gekom:
9 So het die Here die Almagtige gesê: Laat reg
geskied aan almal, bewys liefde en barmhartigheid
aan mekaar; 10 moenie die weduwee en die
weeskind, die vreemdeling en die arme verdruk nie;
moenie bose planne teen mekaar bedink nie.

# WOENSDAG - WEEK 4

**Lees: Sagaria 7:8–10**

**SOAP: Sagaria 7:9–10**

So het die Here die Almagtige gesê: Laat reg geskied aan almal, bewys liefde en barmhartigheid aan mekaar; moenie die weduwee en die weeskind, die vreemdeling en die arme verdruk nie; moenie bose planne teen mekaar bedink nie.

Skryf die SOAP verse hier onder neer:

Teken of skryf iets wat jy uit hierdie verse geleer het:

Skryf jou gebed vir vandag neer:

## DAGSTUKKIE

God vertel ons dat ons barmhartigheid aan mekaar moet bewys. Hy gee goeie voorbeelde van hoe om dit te doen, maar hulle kan verwarrend wees. Wat beteken dit om barmhartigheid met mekaar te hê? Dit mag beteken om saam met die kind in jou klas wat altyd alleen is, te sit, of om die nuwe kind te vra om pouse saam met jou te speel. Dit beteken om 'n vriendelike hart teenoor ander mense te hê. Dit kan so eenvoudig wees soos om speelgoed en lekkergoed te deel met iemand wat nie soveel soos jy het nie. Dit beteken om nie mense doelbewus uit te laat nie, of lelike dinge te sê om hulle seer te maak nie. Barmhartigheid is om mense te help wanneer hulle seerkry. Om barmhartigheid met ander te hê is om hulle te behandel op dieselfde manier as wat jy behandel wil word as jy in hulle situasie sou wees.

# DONDERDAG - WEEK 4

## LEES

**Romeine 12:9-21**

Die liefde moet opreg wees. Verafsku wat sleg is en hou vas aan wat goed is. 10 Betoon hartlike broederliefde teenoor mekaar; bewys eerbied teenoor mekaar en wees mekaar daarin tot voorbeeld. 11 Moenie in julle toewyding verslap nie, bly altyd geesdriftig, dien die Here. 12 Verbly julle in die hoop; staan vas in verdrukking; volhard in gebed. 13 Help die medegelowiges in hulle nood en lê julle toe op gasvryheid. 14 Seën julle vervolgers, ja, seën hulle, moet hulle nie vervloek nie. 15 Wees bly saam met dié wat bly is en treur saam met dié wat treur. 16 Wees eensgesind onder mekaar. Moenie hooghartig wees nie, maar skaar julle by die nederiges. Moenie eiewys wees nie.

17 Moenie kwaad met kwaad vergeld nie. Wees goedgesind teenoor alle mense. 18 As dit moontlik is, sover dit van julle afhang, leef in vrede met alle mense. 19 Moenie self wraak neem nie, geliefdes, maar laat dit oot aan die oordeel van God. Daar staan immers geskrywe: "Dit is my reg om te straf; Ek sal vergeld," sê die Here.

20 "As jou vyand honger is, gee hom iets om te eet; as hy dors is, gee hom iets om te drink; want deur dit te doen, maak jy hom vuurrooi van skaamte." 21 Moet jou nie deur die kwaad laat oorwin nie, maar oorwin die kwaad deur die goeie.

# DONDERDAG - WEEK 4

**Lees Romeine 12:9–21**

**SOAP: Romeine 12:10**

Betoon hartlike broederliefde teenoor mekaar; bewys eerbied teenoor mekaar en wees mekaar daarin tot voorbeeld.

Skryf die SOAP verse hier onder neer:

Teken of skryf iets wat jy uit hierdie verse geleer het:

Skryf jou gebed vir vandag neer:

## DAGSTUKKIE

Wat beteken dit om ander mense lief te hê? Ek hou van die lys wat Paulus vir ons gee. Elke sin wys ons nog 'n manier hoe ons ander mense regtig en waarlik kan liefhê. Hy vertel ons om hoop en blydskap te hê, om aan te hou, selfs wanneer dinge moeilik is, om altyd te bid en mildelik aan ander te gee. Nooi mense in jou huis en lewens in. Praat vriendelik oor die mense wat lelik is met jou en wees vriendelik met mense wat werke het wat jy dink nie baie belangrik is nie. As jou vriend deur 'n moeilike tyd gaan, hoef jy nie enige iets te herstel nie, wees net met hom of haar en huil saam. Of, as jou vriend 'n prys wen, wees opgewonde vir hulle en juig saam met hom of haar! In al hierdie maniere (en meer!) kan ons ander mense in ons lewens prakties liefhê. Kom ons vra God vir nederigheid en barmhartigheid om meer aan ander mense as aan onsself te dink.

# VRYDAG - WEEK 4

## LEES

**Matteus 28:16-20**

Die elf dissipels het na Galilea toe gegaan na die berg waarheen Jesus hulle beveel het om te gaan. 17 Toe hulle Hom sien, het hulle Hom aanbid, hoewel party getwyfel het. 18 Jesus kom toe nader en sê vir hulle: "Aan My is alle mag gegee in die hemel en op die aarde. 19 Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels: doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilge Gees, en 20 leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het. En onthou: Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld."

# VRYDAG - WEEK 4

**Lees: Matteus 28:16–20**

**SOAP: Matteus 28:19–20**

Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels: doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees, en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het. En onthou: Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld.

Skryf die SOAP verse hier onder neer:

Teken of skryf iets wat jy uit hierdie verse geleer het:

Skryf jou gebed vir vandag neer:

## DAGSTUKKIE

Voordat Jesus na die hemel opgevaar het, het Hy sy dissipels instruksies gegee vir 'n baie belangrike werk wat Hy wou hê hulle moes doen. Hy wou hê dat die hele wêreld van Hom moet weet! Jesus het hulle vertel om na al die nasies toe te gaan en hulle te vertel van die Goeie Nuus van die vergifnis van sondes en die ewige lewe saam met Hom. Hy het hulle vertel om mense te leer om gehoorsaam te wees aan alles wat Hy hulle geleer het en om hulle te doop. Die doop is 'n simbool van om dood te wees vir sonde en weer lewend te wees met Christus! Vandag is dit maklik om na amper enige plek in die wêreld te kan gaan. Maar, dit is ook 'n groot opoffering om die lewe wat jy ken, te los en na mense toe te gaan wat 'n ander taal praat en ander kos eet en ander tradisies het, om hulle van Jesus te vertel. Jesus het egter ook belowe dat Hy met ons sal wees. So, as God jou roep om 'n sendeling te word, kan jy onthou dat jy nooit alleen gaan nie; Hy is met jou!

# HIERDIE WEEK HET EK GELEER...

Gebruik die spasie hier onder om 'n prentjie te teken of te skryf oor wat jy hierdie week uit God se Woord geleer het.

**God het vir ons gebooie gegee om te volg en Jesus het vir sy dissipels gesê watter twee gebooie die belangrikste is. Lees Matteus 22:37–39. Wat is die grootste gebod? Wat is die tweede grootste gebod? Skryf 'n paar idees neer van hoe jy God kan liefhê en hoe jy ander kan liefhê.**

EK IS DANKBAAR VIR: